INVIA

OP PAD

W I N T E R **2 0 1 9**

LAAT DIE WINTER SY WERK DOEN

GESKRYF DEUR

Theo Geyser

"Want Hy gebied die sneeu: Val op die aarde! Ook die stortreën, ja, sy geweldige stortreëns. Hy verseël die hand van elke mens in die winter, sodat tot kennis kan kom al die mense wat Hy gemaak het." - Job 37:-7

Die winter is hier en die somer is verby.

Hierdie jaar se winter voel sag en mooi omdat die reën reeds begin val het. Verlede jaar hierdie tyd was daar massa gebedsaamtrekke gereël om te bid vir reën. Oom Angus het beweer as daar minder gangsters en prostitute in die Kaap is, sal dit reën.

Of daar nou minder is weet ek nie.

Die reën het gekom, en ek wil eerder glo soos wat Jesus dink aan die onverdiende guns van God op almal se lewe: "…die reën val op die goeies en die slegtes…" (Matt 5:45).

Winter leer ons reeds om nie te doen nie. Die lewe is 'n gawe wat ons slegs kan ontvang. Die beste tyd om te ontvang is in die winter. Net soos wat die koue die wingerdstokke "skok" sodat hulle die beste wyn kan voortbring, word ons ook tot stilstand met ongemak gebring om te wag dat God sy werk binne ons doen.

Dit is 'n tyd van wag en rus. Dit is binne die rus en stilte wat God sy werk binne ons doen.

Laat die winter sy werk doen!

NUWE ENNEAGRAM ERVARINGE

GESKRYF DEUR

Al ons nuwe Enneagram studente

"Wat is jy bereid om te doen of hoeveel is jy bereid om te betaal om die grootste geheimenis in die wêreld te ontrafel, naamlik JYSELF? Hoekom doen, dink, voel en glo ons op 'n sekere manier? Daar is geen beter hulpmiddel as die Enneagram om jou daarmee te help nie." – Michael Hyatt, Living Forward

Ons het hierdie kwartaal twee verskillende Enneagram-geleenthede aangebied – een in die week en nog 'n kursus oor naweke. 'n Paar mense deel hul ervaring met ons..

Ek voel die Enneagram het my soveel meer 'enlightened' gemaak. Ek is konstant in situasies waar my ego/ vals self sou wou oorneem soos in die verlede, maar dit het my regtig gehelp om anders na die situasies te kyk. En ook kan ek mense en situasies beter verstaan en op 'n meer positiewe manier benader, wat tot baie minder probleme gelei het as in die verlede. Die kennis en toepassing van die Enneagram het my lewe regtig baie makliker en rustiger gemaak. ***- Mia***

Dit was vir my baie bevrydend om agter te kom dat ek nie heeltemal 'n 'freak' is nie en dat daar 'n motivering is vir my optrede – goed en sleg. Ek is alreeds baie meer bewus van die motiverings hoekom ek goed doen en dit help my om nie in 'auto pilot' te leef nie. ***– Maartin Venter***

Vir my was dit wonderlik om te kan sien dat daar soveel raakpunte is in alle mense waarmee ek kan identifiseer, maar tog ook uniek is. En tweedens dat ek ook ander mense beter kan verstaan en nie so krities is oor mense se doen en late of omdat hulle dinge anders as ek doen, nie. ***– Leani Venter***

Ek weet al 'n wyle dat ek die Enneagram-proses wil meemaak, en toe ek eindelik wel in die klein sirkel

van Enneagram-gangers sit, het ek bloot geweet dat ek oor ’n paar dinge “sekerheid” wil hê, hoewel ek nie met sekerheid kon sê wat nie. Oor enkele dae word jy met jou lig- en skadukant gekonfronteer, veral jou donker instinkte, en die omvang hiervan was groter en meer indringend as wat ek my voorgestel het.

My behoefte om myself en die essensie van my ek-wees beter te verstaan en te ontgin, het tipe vir tipe, en gespek vir gesprek duideliker geword: ek weet dat ek my energie uit mense put, hoewel ek nie ’n skare vriende rondom my versamel nie. Die mense in my intieme binnekring is vir my kosbaar en goed, en my kapasiteit en behoefte om hulle aanvoelbaar lief te hê, is beduidend. Hoe verklaar ek dan my irritasie met van hulle, en waarom dien ek juis hier wonde toe? Wat Enneagram vir my gedoen het, is om lig te werp op daardie donker aspekte van myself waarlangs ek moontlik wonde toedien en mag meebring dat my liefde en waardering vir hulle nie op gelyke vlak wederkerig ervaar word nie. My behoefte om myself en die essensie van my ek-wees beter te verstaan, gaan nie net oor my en of ek “goed genoeg” is nie, maar tot ’n aansienlike mate oor 'my-tussen-hulle': “Wat in my moet belig word, geskaaf word, ontgin en bevry word sodat my ek-wees ook vir julle kan wees wat julle vir my is?” Dis vermoedelik nie al nie, maar die onvoorsiene vertrekpunt op die Enneagram-reis dui op ’n pad na beter verhoudings. **–** ***Marco Botha***

Ek het een middag vroeg in April, terwyl ek deur diep vertwyfeling en beproewing gegaan het, desperaat by Theo ‘n draai gaan maak. Hy moes vir my bid. Hy het vir my gebid soos enige goeie leeraar en vriend betaam, maar tipies Theo, was dit nie die einde van die storie nie. Op sy aanbeveling, of eerder opdrag, het ek die volgende dag ingeskryf vir beide die Enneagram kursus en die onderskeidingstydperk in die Franschhoek berge. Die eerste deel van die Enneagram is verby en ek het my tyd in die berge deurgebring.

Om sin te maak uit my chaotiese persoonlikheid en dit in een van die nege persoonlikheidstipes vas te vang, was vir my die moeilikste. Met die eerste bewuswording van die tipes het ek myself in elke tipe gevind. Dit kan tog nie wees nie. Ek is immers reeds aan die verkeerde kant van 60 en behoort sekerlik te weet wie en wat ek is.

Mettertyd het ek meer duidelikheid begin kry. Vir my was dit makliker om uit te vind in watter tipe ek nie hoort nie en sodoende by wyse van eliminasie by die waarheid uit te kom. My kuier in die berge en ‘n daaglikse besoek aan die hart, tesame met meer lees oor die Enneagram het my op die regte pad geplaas.

Ek dink ek weet nou watter persoonlikheidstipe ek is en dit maak my nie te opgewonde oor wie ek is nie. Wat my wel opgewonde maak is wie ek kan wees as ek groei na dit wat God wil hê ek moet wees.

Ek kan nie wag vir die opvolg deel van die kursus wat hierdie naweek plaasvind nie. Ek glo werklik dat dit hier is waar ek gaan kennis maak met my WARE SELF. **–** ***Pieter Carinus***

2019 GEMEENTE NAWEEK

Na ‘n besige week het ons uitgesien om ‘n naweek te gaan ontspan en nuwe InVia vriende te ontmoet. Gou moes ons agterkom dat daar nie net ontspan gaan word nie maar bietjie selfondersoek gaan plaasvind.

Ek het weereens besef dat ons gejaagde lewe steel ons vermoë om brandende bosse in ons lewens raak te sien en om waarlik teenwoordig te wees.

Baie dankie aan Johan wat ons op reis saam met Moses geneem het om weer te besef hoe om waarlik teenwoordig te wees, my ‘default’ te herprogrameer sodat ek nie die epifanie oomblikke in my alledaagse lewe mis nie.

Vir my ma, wat ‘n vir die eerste keer ‘n ‘retreat’ meegemaak het, het ‘n nuwe wêreld oopgegaan en daarvoor is ek baie dankbaar aan Johan en die InVia span se omgee.

Ek neem met my saam dat ek soos Moses die alledaagse lewe met my skoene ‘af’ moet stap en nie dit te sien wat ek graag wil sien nie, of hoop om te sien nie maar om te sien, wat eintlik daar is.

Baie dankie
Marie en Anna-lize

Hier net voor die winter van 2019 was ons net regtig lus vir nuwe commitment tot ’n geloofsgemeenskap.

Toe die ‘Gemeente-naweek’ se advertensie opkom, was dit nogal ’n tydige opsie om te oorweeg.

Toe Johan Geyser nogal as die fasiliteerder genoem is, laat dit my met twee emosies: veilig in die wete dat dit nie ‘gewoon' of 'vervelig' sal wees nie.

Tussen die normale gejaag van die lewe beland ons toe op ’n Vrydagaand ongeveer 800m van ons huis af in Paradyskloof met ons tassies in ’n pragtige Chalet.

Hierdie is ons dam se eende sê Yolandi. Niks van slaapsale en mans en vrouens in aparte geriewe nie.

Groot was my verbasing, (of ontnugtering) toe Johan begin gesels oor die krag van stilte en ek besef ons is in vir ’n Stilte Retreat!

Goed, hier gaan ons nou. Ek het klaar besluit ek gaan nou saam met die stroom en vra dat die Here alle kritiek sal verwyder tot Sondag.

Wat ’n ongelooflike ervaring was dit nie!

Ontdekking, lering, ontmoeting, bewuswees en om alles te kroon lekker eet en lekker kuier ook. Alles terwyl jy so stil soos ’n kerkmuis is.

Dit is amper ‘sad’ dat ons in die tweede helfde van ons lewe begin verstaan dat alleenheid nie noodwendig stilwees bring nie. En dat stilwees heelwaarskynlik vir ons stilte in ons storms bring.

OK, my plan was beslis nie om te diep na binne te reis nie. Maar wat ’n reis!

Org van der Wath




HUMAN LIBRARY
PASTOR MEDIATING GANGS
Mediating gang violence in Hanover Park
ANDROPAUSE
About male menopause

HUMAN LIBRARY

GESKRYF DEUR
Pierre du Plessis

Human Library het einde Mei maand by Invia Kaapstad 'n draai gemaak. Human Library is 'n wêreldwye beweging wat bestaan met die doel om stereotipes en stigmas af te breek.

Mense, wat met 'n sekere stigma leef, byvoorbeeld die stigmas wat gepaardgaan met depressie, gestremdheid, verslawings, bendes, en seksualiteit maak hulle self beskikbaar as 'boeke' wat dan 'uitgeneem' kan word vir 25 minute. Elke 'boek' is opgelei om enige vrae te beantwoord oor hulle 'titel', byvoorbeeld, Gay Theology Student Biker, of Misdiagnosed Mental Illness. Hierdie was terloops twee van die 'boeke' wat die Sondagaand beskikbaar was om te 'lees' by Invia Kaapstad.

Invia Kaapstad was wêreldwyd slegs die tweede kerk wat die Human Library toegelaat het. Bewegings soos Human Library is broodnodig in vandag se tyd, om stereotipes af te breek en brûe te bou tussen mense. Ons het voor die geleentheid al die boeke genooi om saam met ons te sing en ook nagmaal te hou, dit was die mooiste oomblik vir my tot dusver in my reis saam met Invia, om te sien hoe bruin, wit, gestremd, geskei, geslaan, gay saam om die nagmaal tafel staan.

Dit is kerk.

IN ALLES

GESKRYF DEUR
Hannelore Olivier

“Finding God in all things” - St. Ignatius Loyola

InAlles is gebore op ’n Vrydagaand tydens een van Anna-lize en Hannelore se Geestelike Begeleiding opleiding sessies (Spiritual Direction training) by die Lumko-instituut in Benoni. Net soos een van ons SD tutors Trevor Hudson ook altyd sê, goeie dinge kan inderdaad in die Oos-rand gebore word! (Daar was wel Kaapse rooiwyn ook betrokke ter inspirasie).

Vader Ignatius se geskenk aan ons is om deur eeu-oue geloofgewoontes (spiritual practices) ons in staat te stel om in kontak te kom met God sodat Hy vandaar ons elkeen self verder kan lei. Ignatiese spiritualiteit leer ook om God in alles te sien, en veral ook in die nou se oomblik.

Ons hart was om ander aan die verskillende eeu-oue geloofgewoontes bekend te stel. Ons wou ook graag dit wat ons geleer het by die Ignasiese tradisie, kombineer met geloosgewoontes wat ons ook baie waardevol vind komende uit ander tradisies, soos ‘centering prayer’, stiltemeditasie en om die loop van labarinte te gebruik as ‘n geestelike gewoonte.

Oor ’n tydperk van 5 weke het ’n groep diverse mense, elk in ’n ander tydperk, plek en reis met God in sy lewe in Kaapstad bymekaar gekom. Elkeen met ’n hunkering na ’n groter gewaarwording van God in sy of haar lewe.

Act of the Presence of God, Examen, Gospel Contemplation/ Imaginative Contemplation, Lectio Divina en Centering Prayer is aangebied. Ons het afgesluit deur die Labyrinth by Groenpunt park op

Menseregte dag te gaan loop waarna almal saam lekker ontbyt gaan eet het.

Oor die paar weke van Lent, het daar vinnig ‘n natuurlike veilige spasie ontstaan waar elkeen kon ontdek en deel hoe hulle die geloofgewoontes ervaar. Ons het net weer die waarde besef waar spasies en geleenthede geskep moet word om ‘n ontmoeting met God moontlik te maak. ‘n Saadjie is geplant en daar is ‘n behoefte in die groep om een keer ‘n maand weer saam te kom en een van die gewoontes te beoefen.

Ons het verder in die mees onlangste SD module ‘n baie interessante (en redelik nuwe konsep in Suid-Afrika) van ‘groep – SD’ geleer. Dit kan amper beskryf word as ‘n mutasie-kombinasie van invia se ‘sirkels’ en InAlles, en ons is baie opgewonde om hierdie groeps-vorm van geestelike begeleiding in Stellenbosch en die Kaap te probeer! Belangstellendes is baie welkom om enige van ons 2 te kontak vir meer inligting en om moontlik by so ‘n groepie aan te sluit (anna-lize@asah.co.za vir Stellenbosch en hanneloreoli4@yahoo.com via die Kaap).

INVIA ALBUM OPNAME

GESKRYF DEUR

Francois van der Merwe

Die InVia Musiek album opname was ’n reuse sukses!

Die feit dat ons die album “life” opgeneem het, het dit beslis meer ’n rou, organiese gevoel gegee wat kernmerkend van ons aanbiddingsmusiek is. Ons is dankbaar vir die produksie span en elke musikant wat hul tyd vir die projek gegee het. Die Aitsa! Naskoolsentrum koor het ook kom sing!

Kim Hölscher, InVia musikant en solis op die album, skryf oor haar ervaring: ”Om saam met die Invia musiekspan te kan werk is ´n reuse voorreg. Almal is begaafde kunstenaars in hul eie reg. Ek is baie opgewonde en sien uit om ons musiek met die gemeente te deel.”

Die album sal in September vrygestel word.

IN VINO

GESKRYF DEUR

Pierre du Plessis

INVINO is ‘n ou tradisie in Invia en veral in die Kaapstad gemeente. Dit is waar ons die lewe saam vier, waar ons nuwe vriende maak, en iets van die goedheid van God proe en ervaar.

In hierdie laaste paar maande het ons ‘n INVINO gehou by Tamboerswinkel in Gardens, waar ons ‘n ‘wine flight’ gedoen het en dan ook by Ragamuffin Curry in Kenilworth waar ons van die goeie ou boerseun Theuns se voortreflike kerries geniet het. Julle kan gerus beide van hierdie plekke ondersteun, jy sal nie spyt wees nie.

As jy belangstel om saam te kom kuier en iets nuuts te beleef, kontak my sommer direk, pierre@be-brave.co.za en ons sal jou op hoogte hou.

JACKASS WINE
PAKKEWYNE

KINDERHUISE

GESKRYF DEUR

Wilma Geyser

Invia is betrokke by Vineyard Houses se 2 kinderhuise in Kayamandi en 2 huise in Cloetesville. Daar is altesaam 24 kinders en 4 huismoeders met wie ons nou al ‘n paar jaar ‘n pad stap.

Baie dankie aan al die mense wat met die kinders se verjaarsdae die dag vir hulle ook spesiaal maak. Dit is hartverskeurend om te dink daar is in meeste van die kinders se lewens nie eers een iemand wat hulle verjaarsdag celebrate en vir hulle sê ‘ek is bly dat jy op aarde is nie” …! Dankie vir almal wat elke kind darem vir een dag laat voel ‘iemand is bly dat ek gebore is’.

Ons neem ook die kinders elke vakansie op ‘n daguitstappie. Laat weet gerus as jy ons wil ‘join’ of help met vervoer of op enige ander manier.

SWINGBA

NIKE
MIGHTY POWER



ONDERSKEIDINGSTYDPERK

Ek slaan my oë op na die berge: Waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Psalm 121: 1 – 2.

Thinking about the "Vision Quest" differentiated into vision and quest. As per the Oxford Dictionary vision is defined as "The ability to think about or plan the future with imagination and wisdom." Quest on the other hand is defined as "a Long or arduous search for something."

It became clear to me that the journey I opted for, shall be testing my ability to act creatively and with imagination, rooted within integrated knowledge and hoping for the manifestation of wisdom. The quest-bit is clearly not what I am about to start, as my quest for meaning and purpose in this life, have been a life long journey and passion to date. My sincere hope and expectation was that the four days spent within nature, would contribute to better clarity and insight to how close, how well, and to what degree, I am living my life-purpose.

As with most leadership within our Post-modern society, our behaviours and general conduct have been shaped and tempered in extreme situations of uncertainty and ambiguity. Our challenge remains that we don't know what it is that we are looking for, and further compounded through the fact that we don't know how to find what it is we are looking for.

Through my personal experiences I am convinced that as man, we are authentically wired for love, compassion and care, but that our modern culture of consumerism stands in our way of developing naturally and authentically, in God. We continue to

operate and search to fill our purpose – void through our daily endeavours of doing (chasing the next deal, building the next business and creating wealth within the material), but it is in the becoming (inner capacity) that we might contribute to our insatiable hunger for life-purpose and life-meaning.

Many authors notes that man developed from the outside (environment) inward leaving little room for the emanation of spiritual truths and wisdom as a natural emergence from within the human soul. It is clear that in our natural developmental journey we do become a product of our environment and our behaviour is shaped by what people might think of us, what we own and what skill-set we might have to offer. It is in this instance that Simon introduced us to a process of interrogating and questioning our identity in the latter, our Ego-Identity. The profoundness of this exercise was soon revealed. The ability of nature to reflect our own imperfections, the very emotional scars that ignited the development of our Ego-Identity (our naturally developed defence mechanisms) and our inner barriers to self-discovery, became apparent. It is within the process of self-discovery that we find our life-purpose. To live a life of meaning with pure confidence. Understanding and embracing our emotional scars empowers within us, a process of re-introducing our self to ourselves with all our imperfections, so that we might learn to love ourselves, again, as we love God and our fellow man.

Simon and Theo introduced us to the visible power of nature, as a perfect safe-space to get out of our heads and into our hearts. To bravely embark on a quest within the dark night of our own souls, with an absolute belief, that we carry within our being, a true and deeper wisdom. A wisdom that would not just guide but strengthen us in our endeavours to become whole and purposeful in the absolute truth in God, the relational truth in Jesus and the incarnational truth of the Holy Spirit.

Friday, 24 May 2019 ***– Johan Slabbert***

Wat is onderskeiding?

In die samelewing waarin ons bly en grootword kry jy ’n onderskeiding as jy meer as 80% van die inligting wat jy oor ‘n bepaalde onderwerp of vak moet weet reg kan weergee. Jy moet dus kan onderskei tussen die regte inligting en die verkeerde inligting. Kry jy meer as 80% van jou antwoorde reg, kry jy jou goue sterretjie. Volgens dié standaard, het jy die onderwerp van jou studie baas geraak of bemeester. Of jy nou die inligting waarvoor jy ’n onderskeiding gekry het verstaan of toepas in jou lewe is nie regtig belangrik nie, net solank jy dit wéét. Met jou kop, jou brein, jou verstand. Dit weet.

Ek het altyd geglo ek het onderskeidingsvermoë. Wel, natuurlik het ek gehad! Ek het dan al my Teologiese grade met onderskeiding geslaag. Ek het selfs gedink dat ek die gawe van onderskeiding het. Met hierdie onderskeidingsvermoë kon ek met gemak onderskei wie God is en wie God nie is nie. Wat reg is en wat verkeerd is. Vir myself, maar ook vir ander mense. Ek kon ander mense gemaklik in boksies plaas oor of hulle op die regte of verkeerde pad is en hulle help op die regte pad te kom.

Vir baie jare het hierdie onderskeidingsvermoë my goed gedien. Tot op ’n dag waar hierdie “gawe” my totaal verlaat het. Die dag toe my kop my nie meer kon help om te onderskei nie. Die dag waar ek so verward geraak het met al my kennis dat ek nie anders kon as om

myself toe ook in die verkeerde boksie te bevind nie. Ek was verlore, en my kop kon my nie red nie.

In hierdie donker verwarde tyd het ek deur genade uitgekom by ’n ander onderskeidingstyd. ’n Onderskeidingstyd waar ons NIE die kop en kennis gebruik nie, maar waar ons stilword en kans kry om na ons hart te luister. Kan jy nou meer, die wysheer in Spreuke (4:23) het dit toe reg. Lewe kom toe al die tyd uit die hart, en nie uit die kop nie.

Lewe kom as jy stilword en luister na die sagte fluisterende stem van God bínne in jou, en nie na die geskreeu van die stemme in jou kop nie. Stemme wat gevorm is deur verwagtinge en verwonding van ’n samelewing wat nie tyd het of maak om regtig stil te word nie. Want sien, God praat nie met ‘n bulderende veroordelende stem nie, Sy praat met ’n sagte fluistering in die stilte. (1 Kon 19:11-12)

As jy dus jouself ’n guns wil doen om te kan onderskei op die dinge waarop dit werklik aankom (Fil1:10) - gaan op ‘n onderskeidingstyd, breek weg uit die malle gejaag en reis saam met ander na ’n plek van stille verwondering.

- Ronel Pieterse

Dit was met groot onsekerheid en afwagting dat ek Theo se uitnodiging aanvaar het om die 4 dae onderskeidingstydperk in die berge by Franschhoek by te woon.

Ons het die Woensdagmiddag in die reën gearriveer en vanaf die Donderdag het die weer opgeklaar en verander in die mooiste sonskyndae. Soos die weer positief gedraai het, het die ervaring daarmee saam verander van afwagting tot ‘n positiewe kennismaking met die hart.

Die solo-ervaring op dag 3 was ‘n belewenis in die mooiste natuur. Dis net jyself, die natuur en jou hart wat met jou praat. Die brein raak ondergeskik aan die hart. In plaas van om te dink, ervaar jy net.

Dit was ‘n ongelooflike ervaring wat ek kan aanbeveel vir enigiemand wat nodig het om van die gedurige geraas in die kop wil wegkom.

- Pieter Carinus

POSITIEWE OUERSKAP

GESKRYF DEUR

Francois van der Merwe

Vanjaar het InVia vir Marié Sonnekus, 'n Pastorale Terapeut uit Bloemfontein, gekry om 'n Kursus oor Positiewe Ouerskap te kom aanbied. 11 volwassenes het die kursus meegemaak.

Karlien de Goede:

"Die kursus was ongelooflik insiggewend. Wat my ook verbaas het, is hoe introspektief dit is. Ek het baie oor myself en my man geleer. Bowenal het ek besef hoe negatief 'n mens kan wees as dit kom by dissipline, sonder dat jy dit eens weet!

Marie se warmte en vriendelikheid het my op my gemak laat voel en sodoende kon ek vrylik vrae vra en deel neem aan gesprekke gedurende die kursus. Ek sal hierdie kursus aan enige ouer aanbeveel."

Melissa van der Merwe:

"Ek het die voorreg gehad om die kursus saam Mariè by te woon. Wat 'n ongelooflike ervaring en geleentheid. As 'nuwe' juffrou soek ek heeltyd vir soveel as moontlik tools hoe om my klas op beste manier moontlik te ondersteun, en die geleetheid was verseker 'n hoogtepunt vir my.

Van die praktiese goed wat ons daar geleer het, het ek sommer onmiddelik toegepas en 'n verandering begin sien. Ek het net weer opnuut geleer die kompleksiteit van so klein mensie se

wêreld, die “taal” wat hulle verstaan en hoe intelligent hulle regtig is.

Ek beveel dit regtig sterk aan vir enige ouer, onderwyser, of enige iemand wat met kinders werk!”

Ons beplan om later vanjaar weer ’n kursus geleentheid te reël. Hou gerus ons web en Sosiale Media dop!

PARKWOOD
TECH CENTRE


more confidence
what we can change
Guide people to tell expressions
I am excited to see how we can change things with our stories
To learn the skill of Controlling my emotions
to create cool things together

SPEAK UP

Stories is kragtig. Elke dag, van kleintyd af, word ons omring en deurdring deur stories wat ons realiteit skep. Baie van hierdie stories raak mettertyd vir ons onsigbaar, verbloem as bloot natuurlik. James Baldwin, Amerikaanse skrywer en aktivis, het gesê, "You write in order to change the world… if you alter, even by a millimeter, the way people look at reality, then you can change it."

Speak Up is 'n Bottomup program wat 'n platform skep vir jeug van verskeie hoërskole van die Grassy Park omgewing om hul stem te laat hoor oor die belangrike kwessies wat hul skole en gemeenskappe ten diepste raak. Hier gaan dit nie net om die ontwikkeling van self-vertroue en vaardighede rondom die skryf en aanbied van 'n toespraak nie, maar ook om die kritiese worsteling met die stories wat ons realiteite skep. Wat is die dominante stories agter die kwessies wat ons gemeenskappe raak? Wie vertel hierdie stories? Tot wie se voordeel? Wie se nadeel? Watter stories word verskuil of geïgnoreer? Wat is die verandering wat nodig is? Wat is die stories wat vertel moet word om hierdie verandering teweeg te bring? En hoe vertel ek dit?

Die jaarlikse Speak Up Festival is die platform waar hierdie jong sprekers die geleentheid kry om te 'speak up' oor dié kwessies wat hul oor passievol voel. Bottomup nooi graag alle InVia lede om die Speak Up Festival 2019 by te woon: Saterdag 7 September, 11:00, Nassau Teater, Groote Schuur Hoër, Nuweland. Volg ons gerus op Facebook vir aankondidings rakende die aankoop van kaartjies. Speak Up word aangebied deur meestal vrywilligers en befonds deur Bottomup, wat 'n nie-winsgewende organisasie is. Enige ondersteuning sal waardeer word en kan die volgende vorm aanneem:

Finansiële bydrae of borgskappe wat aangewend word vir die betaal van venue huur, verversings, vervoer en ander nodige aankope. (Verwysing: Speak Up) Dienste: Grafiese ontwerp, fotografie, videografie.

Kontak gerus vir Gerda von Benecke by gerda@bottomup.org.za vir enige navrae. Sien www.bottomup.org.za vir meer info en bankbesonderhede. Volg ons gerus op Facebook (Bottomup) en Instagram (@bottomupsd).

'n Groot dankie aan die Speak Up vrywilligers van InVia vir jul tyd en diep omgee, asook elke individuele lid van InVia wat op verskeie wyses Bottomup ondersteun.

WOORDFEES

Was 'n ongelooflike geleentheid - storielyn en als - gevoel of ek by een van sy "live shows" was!

Die afgelope 4 jaar is InVia Stellenbosch deel van die Woordfees. Die droom is dat ons ook 'n bydrae kan lewer deur die kunste om 'n gesprek rondom kontemplasie en aksie te stimuleer. Hierdie jaar het ek gesels met Johan Geyser en Erns Grundling oor Pelgrimstogte. Dan was die musiekbelewenis met "Hello, my naam is Johnny Cash" ook 'n hoogtepunt. Daar is soveel navrae vir Johnny Cash dat ons dit oorweeg om die produksie dalk in die week weer te doen.

Ons het besluit om iets te doen oor Sheila Cussons op 8 Maart 2020. Frieda se passie en liefde vir Sheila het deur die jare vir InVia ongelooflike vista's oor kontemplasie gegee met haar musiek en interpretasies van Sheila Cussons. Dan, op 15 Maart 2020 die eerste keer in die geskiedenis van InVia het ons die voorreg om te luister na gebede wat in opera deur die jare uitgevoer is. Dit sal gedoen word deur AGL Opera se Simfonie van Gebede.

- Theo Geyser

Iets OM weer en weer te sien! Sosiale kommentaar, musikale talent, beeldskone musiek uitstekend uitgeleef en gee ongekende insig deur die Doku-Musikaal oor die lewe van Johnny Cash en sy sosiale en diep geloofsboodskappe deur sy musiek! NOT to BE Missed!!!!

- Pieter Venter

Die talent het op die verhoog oor geborrel in die reis deur die lewe van Johnny Cash. Dit was terselfdetyd gesofistikeerd en aards en die opvoering maak mens sterk bewus van die tydelikheid van menswees, en sodoende van die belangrikheid van korrekte verhoudings met jou familie, vriende en medemens.



	2015	2016	2017	2018	2019 Werklik	2019 Begroting
Jaarlikse Groei		49%	-4%	-4%	-18%	-18%

FINANSIES

GESKRYF DEUR

Cor Booysen

Dit is vir Invia belangrik om gereeld terugvoer te gee oor ons finansies.

InVia se inkomste tot einde April 2019 is tans 18% laer as dieselfde tyd in 2018 en ook 18% laer as wat ons begroot het tot einde April. Kostes is 3% laer as wat begroot is vir die jaar sover, maar 13% hoër as dieselfde tyd verlede jaar. Die grootste rede vir die agterstand is heelwat minder eenmalige donasies sover in 2019 as wat ons ontvang het in 2018. Die maandelikse bydraes is 1% laer as laasjaar in April maar 10% laer as die begroting vir 2019. Dit is nog relatief vroeg in die jaar en ons hoop dinge sal verbeter oor die loop van die volgende 8 maande.

Gemiddeld dra 51.5 gemeente-lede elke maand by tot InVia teen ‘n gemiddeld van R2,459 per bydra. Gedurende die eerste vier maande van 2018 was die gemiddelde aantal bydraes 52.8 per maand teen R2,453 per bydra. Sou dit moontlik wees in die huidige ekonomiese klimaat sal ons dit baie waardeer indien diegene wat maandelikse bydraes maak dit dalk sou oorweeg om ‘n inflasionêre aanpassing te maak tot hul bydraes. Ons is baie dankbaar teenoor al die gemeente-lede wat InVia finansieel ondersteun, sonder elkeen se finansiële ondersteuning is InVia nie moontlik nie.

Soos altyd, onderneem die finansiële komitee om deursigtig te wees en om gereeld terugvoer aan die gemeente te gee. Ons moedig gemeente-lede aan om met ons te kom gesels as hulle meer omtrent die finansies van die kerk wou weet.

BELANGRIKE DATUMS

15 Jun - 17 Jul	Skoolvakansie
26 - 28 Jul	Vroue Retreat
10 - 11 Aug	Enneagram
7 - 8 Sept	Enneagram
24 - 27 Sept	Bergskool Onderskeidingstydperk
1 Okt	Bergskool Fasiliteerders Prep
4 - 6 Okt	Bergskoolkamp
30 Okt - 2 Nov	Onderskeidingstydperk: Franschhoek
-	
29 Nov - 12 Des	Matriek-vakansie na Israel, Jordanië, en Istanbul. Kontak *yolandi@tibtours.co.za* vir besonderhede

In the midst of winter, I found there was,

within me, an invincible summer.

- Albert Camus



INVIA
OP PAD

** Gebruik Snapscan om by te dra.*

PERSONEEL

Theo Geyser | Spanleier | Kampusleraar Stellenbosch
Wilma Geyser | Kids@InVia | Enneagram | Finansies
Frieda van den Heever | Liturgie | Prediking
Pierre du Plessis | Kampusleraar Kaapstad
Karlie Liebenberg | Administrasie
Francois van der Merwe | Musiek en Kreatiwiteit | Tegnies

KONTAK BESONDERHEDE

Kantoor telefoonnommer: 021 882 8339
E-posadres: inviagemeente@gmail.com
InVia kantoor: Suidoosterstraat 11, Jonkerspark, Stellenbosch.
InVia posadres: Posbus 6003, Uniedal, 7612

BANKBESONDERHEDE

Kaapstad:
Bank: ABSA
Takkode: 632 005 Tipe: Tjek
Rek No: 4077 262 847 Swift code: ABSAZAJJ

Stellenbosch:
Bank: ABSA
Takkode: 632 005
Rek No: 9277 510 340 SWIFT CODE: ABSAZAJJ
Snapscan is beskikbaar.